# DIE SKIETLOOD

236e Uitgawe 14 Maart 2025

saam met Koersvas 236

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**

**Teks**

**Vraag 7**: Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?

**Antwoord**: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (Genesis 3:6 *Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet* Romeine 5:12 *Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.* 18 *Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense, so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal*). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (*Psalm 51:7 Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het*.)

**Kommentaar**

**Vraag**: Vraag ses het gevra na die mens se oorspronklike toestand. Die antwoord was dat die mens nie sondig geskep is nie. Die mens is na die beeld van God geskep. Die mens se huidige toestand van sondig-verlore is voor-die-hand-liggend. Dan kom die vraag na die oorsprong van hierdie sondige bestaan.

**Antwoord**: Daar is verskeie sake wat hier aandag moet geniet; die sondeval en eerste sonde van die mens, daarmee saam wat is die aard van sonde en die oersonde (oorsprong van erfsonde).

Wat was Adam en Eva se sonde? Wat het agter daardie sonde gelê en wat was die gevolge van daardie sonde? Waarom het God dit toegelaat?

In kort sou ons kon stel dat die eerste sonde ongehoorsaamheid was. So 'n simplistiese verduideliking versluier die dieper strome wat hierdie eenvoudige pluk van die vrug onderlê. Hoe kan een handeling deur die mens van ongehoorsaamheid – deur die duiwel daartoe aangespoor – sulke verreikende gevolge hê. Dit is die dieper motivering tot hierdie ongehoorsame eet en pluk wat die eintlike diepte van die oortreding blootlê. Ursinus noem die volgende:

1. Trots, ambisie en bewondering van die self. Die mens was nie tevrede met sy situasie nie, was nie tevrede met sy posisie en status nie, hy wou soos God wees Hierdie gesindheid eggo in God se klag teen die mens in Genesis 3:22 "Toe het die Here God gesê: "Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken. As hy nou maar net nie sy hand uitsteek en die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie!" Die mens het die onmoontlike kompetisie begin, die een teen God. As minimum wen-prys wou die mens in status gelyk aan God wees.

2. Ongeloof of ten minste wantroue in God. Die mens het saam met die duiwel God van 'n leuen beskuldig, al het hy dit op 'n versluierde manier gedoen. Die Here draai nie doekies om nie, gee groot toegewings, maak een uitsondering en stel in onomwonde terme die resultaat van die oortreding in Genesis 2:16,17 "Die Here God het die mens beveel: "Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle

kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.” Die duiwel draai dit om en sê dat die mens beslis nie sal sterf nie. Die duiwel maak God tot leuenaar en beskuldig God implisiet van nydigheid en jaloesie ; Genesis 3:4,5 “Toe sê die slang vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.” Implisiet in hierdie woorde is dat God bang is die mens word soos God – met al die negatiewe emosies en denke wat met daardie woorde suggereer word. Die mens glo eerder die duiwel as vir God, glo die koning van die leuen eerder as die Skepper. Deur die duiwel te glo, maak die mens in sy gedagte van God minder as wat Hy is, eintlik dan ‘n nie-God.

3. Deur die verbode vrug te eet, is dit duidelik dat die mens handel in minagting en ongehoorsaamheid aan God. Die opdrag het geen ruimte vir interpretasie gelaat nie. Om dit nie te gehoorsaam nie, is om met minagting jou eie kop te volg,

4. Die hap van die spreekwoordelike appel openbaar die mens se ondankbaarheid vir goeie gawes ontvang. Geskep na die beeld van God, met ‘n ewigheid van rustige bestaan in die vooruitsig, kies die mens om die duiwel te ondersteun.

5. Selfsugtige minagting van wordende geslagte. Die mens kan/kon kies om sy nasate (kinders) dieselfde voordele te laat geniet. Sonder om sy kinds-kinders in ag te neem, kies die mens vir die leuen. So word die eerste- en alle kinders reeds geoffer by die altaar van selfsugtige ongehoorsaamheid van die eerste mens.

6. Die mens se afvalligheid word duidelik in sy wegval van God en kier vir die duiwel en sy leuens. In die plek van dankbaar ontvang, neem die mens die duiwel se advies op en stel homself teenoor God.

Dit is derhalwe duidelik dat dit dwaas sou wees om die eerste sonde te minimaliseer deur daarna te verwys as blote ongehoorsaamheid. Agter hierdie een daad is daar ‘n magdom sondige en opeenstapelende dryfvere. Enige beswaar dat die straf nie proporsioneel is tot die oortreding nie, verstaan nie die dieperliggende sondestrome nie. Die oordeel en die straf is regverdig.

Waar is die bronwel van die sonde? God? Allermins nie! Die oorspronge van die sonde kan in die aanhitsing van die duiwel en die mens se gewilligheid om sy vrye wil te gebruik op ‘n manier - anders as wat God dit wil – gevind word. Die duiwel het die mens aangemoedig om weg te beweeg van God, en die mens het vrywillig die keuse gemaak om die aanhitsing te laat ontkiem. God het hierdie vergrype toegelaat. Het God dit verhoed, sou die mens masjien wees, willose dier wat geen keuse het in sy bestaan nie. God ken die mens, en het die mens toegelaat om die keuse te maak, met die waarskuwing rakende die straf. Die mens het dit op homself geneem om God uit te skuif. Die argument dat God doelbewus Sy genade onttrek het, hou nie rekening met die aard van genade nie. Dit kan nooit dwingend wees nie!

Volgende keer kyk ons na die effek van die eerste sonde.